JESUS SE PREKE

In Lukas 15:1 en 2 lees ons die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom luister. Die Fariseërs en skrifgeleerdes(die kerk van destyds) het beswaar gemaak omdat Hy sondaars ontvang het en selfs saam met hulle geëet het!

Hoekom sou die tollenaars en sondaars graag na Jesus se preke luister? Ek dink eerstens omdat Jesus se preke prakties en op die man af was. Sonder groot omhaal van woorde het Hy kort, kernagtige boodskappe oorgedra. Boodskappe wat jy kon verstaan en onthou. Boodskappe oor lesse van en vir die lewe. Dan, dink ek, het Jesus tweedens die evangelie van genade, die evangelie van vrede en die evangelie van verlossing gepreek. Daarmee die pad na die ewige lewe aangedui. Wie sou nie graag na sulke preke wou luister nie? Geen wonder die tollenaars en sondaars was so gereeld in die kerk nie! Jesus se preke was met gesag en met genade omraam en nie soos die hiper-veroordelings van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie.

Waaroor het Jesus gepreek?

- dat ons sout en lig is
- dat ons die armes en geringes moet help
- hoe ons moet bid
- hoe ons geestelik genees kan word
- hoe ons afhanklik van God moet lewe
- sagmoedig moet wees
- doen wat reg is
- barmhartigheid moet bewys
- vredemakers moet wees
- jou nie moet bekommer nie
- God bo alles en jou naaste soos jouself lief moet hê
- vrugte dra

Dan slegs drie van Jesus se heerlike uitnodigings: Kom na My toe, Ek sal julle rus gee! Ek is die weg, die waarheid en die lewe. Vandag sal jy saam met My in die paradys wees!

Jesus het egter ook ernstig gewaarsku teen die optrede van die skrifgeleerdes en die Fariseërs:

- moenie hulle voorbeeld volg nie
- hulle laai swaar laste op die mense se skouers, maar self raak hulle dit nie aan nie
- hulle is hoogmoedig en is huigelaars
- hulle is geestelik blind
- hulle is slange, addergeslag!

Aan die tollenaars, sondaars, skrifgeleerdes en Fariseërs preek Jesus: Bekeer julle!

En aan jou en my? Bekeer julle!

Jan Lubbe(Benoni)